Chemists PLUS apteek
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII NOMMER 7 24 JUNIE 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# AFSONDERLIKE ONTWIKKELING HET MISLUK

Deur Christiena Pelser

**ie beleid van afsonderlike ontwikkeling soos deur die Nasionale Party beoog is, het misluk. Die Nasionale Party het hierbenewens :en beleid om die plek van afsonderlike ontwikkeling te stel nie. Bogenoemde is van die stellings wat deur Prof. van der Vyver, vooralige ASB-President, op 'n onlangse vergadering, wat deur die Studenteraad aangebied is, gemaak.**

Volgens Prof. van der yver verskans die Afrika-:r homself in 'n muur van ngeregtighede deur die be-id van die Nasionale Party nder voorbehoud na te olg. Om jouself in die posi-e van die Bantoe in Suid-frika te stel beteken om uself na die warmplek te rskuif. Die offers wat deur e Nasionale Party gebring oes word sodat elke volk sy lelste begeerte, naamlik 'n e grondgebied waarin hy omself kan regeer, kan be-edig was te groot. Afrika-rboere weier om van hulle ondgebied afstand te doen et die gevolg dat 'n hope-os te klein grondgebied aan volk toegeken word.

In die huidige tendens wil en Bantoestaat binne Suid-frika onafhanklikheid hê e. Geen regering soos uidelik deur die Nasionale arty gepoog word durf on-hanklikheid op enige volk dwing nie. Die oorsaak van die wêreldopinie teen die verdeling van Suid-Afrika in tuislande kan deels aan die Nasionale Party self toegeskryf word.

Wat gaan van die stedelike Bantoe, Indiër en Kleurling word? Oor hierdie uiters belangrike sake het die Nasionale Party volgens prof. van der Vyver geen beleid nie – hulle is nog besig om daaroor te besin.

Sonder minister John Vorster is skeuring in die Nasionale Party tussen die regse Andries Treurnicht-faksie en die Piet Koornhoffaksie onafwendbaar. Dit is slegs hy wat nog daartoe in staat is om die Nasionale Partylede bymekaar te hou. Volgens prof. van der Vyver het die N.P. 'n pragmatiese party geword sonder insig in die toekoms.

Aan die ASB kleef die stigma van "His master's voice", vele wonder nog of hier na die HNP of NP verwys word.

Prof. Van der Vyver doen 'n ernstige beroep op die studente om op die komende ASB-kongres hulle van hierdie stigma los te maak en ernstig te besin oor die toekoms van ons land.

Volgens 'n ander spreker, Mnr Liebenberg, is segregasie 'n natuurlike en spontane produk van ons geskiedenis. Mnr Liebenberg was voorheen verbonde aan die militêre inligtingsdiens en is tans werksaam by die Sentrum vir Internasionale Politiek.

Volgens Mnr Liebenberg vorm die tuislande nie sinvolle eenhede nie en konsolidasie is onafwendbaar. Die Blanke moet bereid wees om offers te bring veral in die vorm van grondgebied.

'n Knelpunt wat die spreker insien is dat die ekonomiese ontwikkeling van die tuislande nie tred hou met die politieke ontwikkeling daarvan nie.

Die onafhanklikwording van Transkei en van Bophuthatswana later vanjaar is deurbrake vir die tuislandbeleid en in beginsel is dit geensins verskillend van dié van Lesotho of Botswana nie. Mnr Liebenberg huldig die standpunt dat daar geen alternatief vir die tuislandbeleid as metode van vreedsame vooruitgang is nie, in ag genome die samestelling van ons swart bevolking, hul uiteenlopendheid van kultuur, taal, ens., asook ervaring elders in Afrika.



*Prof. van der Vyver, "Die Nasionale Party het geen beleid om in die plek van afsonderlike ontwikkeling te stel nie". Foto: Jaco Pretorius.*

## LEES BINNE


- Kuns en Vermaak ...... Bl. 2
- Uit die Woord ....... Bl. 4
- Hoofartikel ... Bl. 4
- Deur my Lens ... Bl. 5
- Koshuisnuus .. Bl. 6
- ASB-Feeste ... Bl. 7
- Sport ........ Bl. 8


## Nuwe aanstellings

**Dr. Connie Mulder en mnr. Paul Hoogendyk is as verteenwoordigers van die Konvokasie en donateurs van die Universiteit op die Raad van die P.U. verkies.**

In die plek van ds. J.C. Vorster en prof. W.N. Coetzee wie se ampstermyne op die Raad verstryk het, is dr. W.J. van der Merwe en prof. J.H. Coetzee verkies.

Prof. L. Floor van die Hammanskraalse Teologiese Skool is beroep as professor in Nieu-Testamentiese vakke in die plek van prof. Tjaart van der Walt, terwyl dr. Naas van der Walt as professor in Sendingwetenskap in die plek van prof. D.C.S. van der Merwe beroep is.

## Koshuisgeld nie verhoog

**a gerugte oor 'n moontlike verhoging in koshuisgelde, het Die apad by die Registrateur Finansies, mnr. C.J.H. Schutte proer uitsluitsel kry.**

Mnr. Schutte sê dat die gegte onwaar is en dat daar t op hede nog geen besluit neem is nie. Die jaarlikse groting word eers in ugustus opgestel en daar-i sal 'n idee van 'n moontte verhoging in koshuislde verkry kan word. Indien daar op 'n verhoging besluit word, moet die Raad toestemming gee. Dit sal tydens die Raadsvergadering in September plaasvind.

Die koshuisinwoners sal eers aan die begin van November weet wat die definitiewe toedrag van sake sal wees.

## Intervarsity hekgeld verdubbel

**tervarsity teen Bloemfontein op Olënpark gaan die Pukke montlik R2 elk kos sê mnr. Piet Malan, die Direkteur van die ortinstituut.**

Vanjaar se Intervarsity en RAU het R1 per kaartgekos.

Volgens mnr. Malan word e hekgelde opgeskuif omt die Instituut noustrop ek. Hy verwag sowat 15 000 ense by Intervarsity.

Mnr. Malan het verlede ek aan Die Wapad gesê t die Puk se rugbyveld op Fanie du Toit sportterin nuwe spreiligte van 3 000 kry. Daarvoor moet geld bymekaar gemaak word.

Die Wes Transvaalse Rugby Unie hanteer die hekgelde. Sowat 50 per sent daarvan word dan aan die Sportinstituut oorbetaal.

Die Instituut kry R29 000 per jaar. 'n Verdere R10 000 word aan sportbeurshouers op die PUK toegeken.

Intervarsity is op 20 Augustus.

## WERKLOSE STUDENTE

Die Departement Ontwikkeling van die Universiteit bied 'n geleentheid aan werklose studente gedurende die Julie-vakansie. Een van die voordele van die werkgeleentheid is dat die studente in hulle tuisdorpe kan werk. Die werk behels deur-tot-deur-verkope van die unieke Totius-boekstel.

Vir elke stel wat 'n student verkoop ontvang hy/sy kommissie van R15. Wanneer 'n student meer as 10 stelle verkoop, styg die kommissie na R20 per stel. Daar is ook 'n bonus vir die student wat die meeste stelle verkoop.

Koshuise word ook hierby betrek en die koshuis wat die meeste stelle verkoop, sal 'n minimum van ·R100 ontvang. Belangstellendes kan enige tyd met mnr. Johan Aucamp by die Skakeldepartement in die hoofgebou in verbinding tree, andersins op Dinsdag 29 Junie om 7 nm by die SSR-kantoor.

## Konfrontasie as laaste uitweg!

Deur Christina Pelser

**Suid-Afrika staan midde in 'n militêre konfrontasie. Konfrontasie is slegs geregverdig indien dit 'n middel tot oplossing van probleme is en indien daar geen alternatief bestaan nie. So het mnr. Tom Larney, van die departement van Internasionale Politiek, op 'n vergadering wat deur die SSR aangebied is, beweer.**

Die optrede van Russiese imperialisme, sowel as die benarde situasie in SWA en Rhodesië, laat geen twyfel daaroor dat ons ons voorberei op 'n skerper en meer grootskaalse konvensionele stryd nie. Suid-Afrika sal ook in enige stryd alleen die kastaaiings uit die vuur moet krap. Geen steun sal van Amerika sowel as Europa verkry word nie.

Beperkende faktore wat ons in die oë staar, is onder meer:-

- Suid-Afrika se beperkte mannekrag
- Die feit dat ons uitsluitlik op die blanke as verdedigers sal moet staatmaak.
- Die ekonomiese situasie.
- Die gebrek aan 'n homogene, eensgesinde bevolking.

Volgens die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag is Suid-Afrika in staat om enige oorlog behalwe 'n globale een te veg.

Mnr. Larney huldig die standpunt dat oorlog slegs om een doel geregverdig is, nl. die beveiliging en behoud van ons land ten einde die binnelandse situasie te beredder.

Ons moet egter nie 'n oorlogspsigose skep en in pessimisme verval nie. Daar moet veral aandag gegee word aan die feit dat die konfrontasie nie tussen wit en swart moet wees nie, maar tussen Suid-Afrika en sy vyand. Oorlog moet eerder 'n verenigende faktor onder die verskillende volksgroepe wees as 'n verdelende een.

Konfrontasie moet nooit as doel tot oplossing van Suid-Afrika se binnelandse en buitelandse probleme gesien word nie, want dit beteken slegs een eindpunt nl. ondergang. Indien ons egter met konfrontasie gekonfronteer word, moet ons, indien geen alternatief bestaan nie, ons land en sy heterogene bevolking na die beste van ons vermoë beskerm en verdedig.

PRO-REGE
U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK
„die Potchefstroomse boekhandel"
Tomstraat 86 - - Potchefstroom
Tel. 8875



*Drie van die Kersieboord spelers: v.l.n.r: Dr. Bet Botha (Lyubov Andreyevna), Christo Borman (firs) en Kobus Lodewyckz (hopachin). Foto: Jaco Pretorius.*

# Tsjekov op die planke

deur Pieter Oberholzer

**Kersieboord deur die Russiese skrywer Anton Tsjekof, word vanaf 18 tot 29 Junie in die PU Kamertoneel deur die Departement Spraakleer en Drama opgevoer.**

Die regisseur, dr. Peet van Rensburg het die moeilike stuk as die tweedejaarstuk vir 1977 aangebied. Die intrige gaan om die verkoop van 'n kersieboord, die eiendom van Lyubov Andreyevna, gespeel deur dr. Bet Botha, en al die implikasies en komplikasies daaraan verbonde.

Die drama het ook 'n sterk simboliese ondertoon naamlik die val van die adelstand en die opkoms van die ryk middelklas. 'n Roerende tema is dit voorwaar, en met die regie van dr. van Rensburg is die nostalgie na vore gebring. Ek het tydens die vertoning oomblikke van teaterbetowering beleef soos lanklaas.

Die begin van die stuk is so gelaai met betowering dat die hele eerste bedryf daardie gevoel behou. My komplimente aan veral die klank en beligtingstegnici want nie alleen het dit 'n positiewe bydrae tot die produksie gelewer nie, dit het atmosfeer geskep en behou, iets waarsonder die stuk nie so geslaagd sou wees nie.

Ander spelers was Isobet Kok (Varya), Dawie du Toit (Leonid Andreyevitch) en Riaan van Schalkwyk (Trofimov). Kobus Lodewyckz het baie goeie spel as die slinkse hopachin gelewer, maar aanvanklik het die vele handgebare gehinder. Later is dié hindernis verklaar deurdat dit as karaktertekening aangewend is.

Dr. Botha lewer deurgaans uitstekende spel en haar vermoë om heeltemal oortuigend te huil is werklik bewonderenswaardig.

Die produksie het 'n groot indruk op my gemaak, veral die tegniese aspekte wat foutloos was. Hier en daar 'n klein dingetjie wat gepla het, maar niks wat hinderlik was nie.

# Dames op die Oorlogsfront

**PUK-dames, Asters, hoe weerbaar is julle? Hoe weerbaar is ek? Nie baie nie . . . Nou ja, lees dan gerus verder.**

Mnr. Piet Fourie en sy Weerbaarheidskomitee is druk besig om te werk aan 'n kommandostelsel vir die dames op die PUK. Kursusse soos brandbestryding, skiet- en wapenhantering, kaart en kompaslees, militêre administrasie, radiowerk, drilwerk, noodhulp en geestelike weerbaarheid word beoog.

Is dit nou werklik nodig dat ons dames weerbaar moet word? Ongetwyfeld ja, want gedurende tye van onrus is die man in die gevaargebied en diensbaar op ons landsgrense. Die vrou bly agter en moet dus weerbaar wees op alle gebiede. Wanneer gaan ons as dames weerbaar word? Baie dames redeneer dat daar nie nou tyd is vir sulke dinge nie. Maar wanneer sal daar tyd wees – as ons die PUK verlaat het en in 'n beroep staan? Moenie glo nie, dan is daar nog minder tyd en voor ons ons oë uitvee, is dit te laat.

Die Kommando poog om 'n dameskorps op te lei wat leiding kan neem in enige noodsituasie. Die opleiding wat aangebied gaan word, is van die beste, en beter opleiding as dié wat die S.A. Weermag met sy gespesialiseerde tegniese kennis en puik organisasievermoë bied, kan nie gekry word nie.



*'n Paar PUK-dames van Aster wat 'n besoek aan die w... mag gebring het.*

# 13 APRIL
# 'N GESKIEDKUNDIGE DAG VIR ASTER

**Op Woensdagmiddag 13 April het 35 PUK-dames die S.A.W.-keuringsbaan besoek, waar k... mandant Potgieter en sersant-majoor van Niekerk hulle ingewag het.**

Die doel van die besoek was tweë-erlei van aard, nl. eerstens om weerbaarheid by die dames aan te wakker en tweedens om studente en soldate weer bymekaar uit te bring. Die kloof wat sedert 1943-44 tussen studente en soldate ontstaan het, is op 13 April deur die dames oorbrug.

Albei hierdie groepe, nl. student en soldaat, maak 'n groot deel van die inwonertal van Potchefstroom uit en elkeen van ons het hier 'n roeping om te vervul. Elke soldaat en elke student is tog uit die volk en vir die volk.

Deur die wapens wat aan die dames gewys is, is kennis baie verbreed. Hierdie wapens het die deursnee publiek nog nie gesien nie. Die veldgeskut soos bv. die Eland-Pantserkar en die 35mm-lugafweerkanon is aan ons verduidelik. Ook die 140mm-kanon wat amptelik die grootste kaliber kanon in S.A. is en die 88mm-kanon wat ook bekend staan as die 25-ponder.

Verder is daar ook na die wapens van die infanterie gekyk, soos bv. die 60mm-mortiere wat bestaan uit bisantgranate, rookgranate en beligtingsgranate. Handgranate wat deur demonstrasie aan ons gewys is, word h... saaklik gebruik vir naby t... pe en mense in huise en... boue. Die wit fosforgra... word gebruik om soldate... loopgrawe te brand, te... skrapnelmyne in verde... ingsstellings gebruik wo...

Al die genoemde wape... deur soldate aan die da... gedemonstreer en elke d... het werklik baie geleer. ... was weer 'n trappie hoë... die troon van weerbaarh... Daar sal hierdie handji... dames dan wag op die ... der wat nie belang stel ni... Mens is nie weerbaar ... met 'n pistool kan skiet ... maar dit is 'n gevoel wa... jou hart ontstaan.

Kom Asters, word w... baar vir jouself, vir jou m... mens en vir jou kampu... jou land!

# HERFSVONKEL VONKEL

deur ESMARIE PIENAAR

**Herfsvonkel, tweede in die reeks van die sleeptyddisse wat van 13 – 17 Junie in die foyer van die teater van die departement Spraakleer en Drama aangebied is, was voorwaar 'n opkikkering ná 'n lang dag.**

Met Paul Schutte, Aldo Behrens en Pieter Oberholzer het ons in die slamse buurt gaan kuier in 'n rustige atmosfeer van kerslig.

Die program het bestaan uit liedjies van die slamse buurt, en gedigte van onder andere Uys Krige en Boerneef, wat die gehoor laat skater het.

Die musikante en sangers was in helderkleurige loshemde geklee wat die idee van die slamse buurt versterk het, maar nie heeltemaal realisties was nie.

Die samesang was nie altyd honderd persent nie, maar dit het vir my geensins afbreek gedoen nie, eerder die klopse-idee versterk.

Al werklike steen des aanstoots was die pragtige pilaar reg in die middel van die foyer wat nie altyd 'n goeie plaasvervanger vir die spelers is nie. Die ete en te drinke het darem in 'n mate vir die pilaar vergoed.

In 'n plattelandse dorpie soos Potchefstroom waar die student nie altyd weet wat om in sy sleeptyd aan te vang nie, is skemervonkel 'n ideale tydverdryf, net jammer daar kan nie meer wees nie, weens die departement se vol program.


**maak 'n verstandige belegging**

KOM SAAM OP DIE

**6ᵉ EUROPESE TOER vir Platsakstudente**

25 NOVEMBER TOT 31 DESEMBER

Verbreed u ervaringshorison. Toer vir 36 dae op ontspanne en georganiseerde wyse in Engeland, Frankryk, Duitsland, Switserland, Italië, Oostenryk en Nederland in die vrolike geselskap van mede-studente en ervare toerleiers.

**inklusiewe prys R1295**

(R200 + R50 p.m.)

Omdat die toer 'n nie-winsgewende onderneming is kan ons dit aanbied teen 'n prys wat ruim R10 **per dag** goedkoper is as vergelykbare studentetoere!

Navrae, brosjures, inskrywings by:

Prof. G.N. van den Bergh, Dept. Geskiedenis, Tel. 22112, bylyn 302 **of** Mnr. W.J. Voordewind, Dept. Geografie, Tel 22112, bylyn 255 **of** Mnr. P.J.J. Prinsloo, Dept. Geskiedenis, Vanderbijlpark


# PUK-koor

**"Die Pukkoor is nie 'n ernstige klomp, wat middeleeuse lie... sing nie," sê mnr. Jan Botha, die ondervoorsitter van die P... koor. Dit is duidelik as 'n mens na die program kyk, ... hulle die komende vakansie op hul toer deur die Tran... gaan aanbied.**

Die 58 koorlede sal vanaf 29 Junie tot 13 Julie in Vereeniging, Springs, Bethal, Piet Retief, Nelspruit, Pietersburg, Potgietersrus, Marble Hall, Pretoria, Rustenburg en Carletonville optree. Vir die Pukke, wat hul toer-konserte misloop, tree hulle twee aande in die volgende semester in die Totiussaal op. Dié datums sal later vasgestel word.

Die eerste kwart van hul program bestaan uit gewyde werk soos Eer aan U, o Christus, uit die Messias van Schutz. Net voor pouse raak hulle minder ernstig, terwyl die laaste helfte uit ligte musiek bestaan. Hulle sing dan verwerkings van volkswysies, soos Daar kom tant Alie en Die slaai. André Howard tree as solis op.

Selfs mense wat ni... klassieke musiek belan... nie, sal die aand saam... die studente geniet, sê ... Botha.

Volgens hom kan 'n ... byspan nie droom om ... selfde gees as die koor t... nie.

Die koorlede moet ... opofferings maak. So ... hulle byvoorbeeld Din... en Woensdagoggend ... voor dag opstaan, om 0... te begin oefen. Ook M... dag- en Donderdaga... moet hulle aan die koo... staan. Mnr. Botha sê ... meer as die moeite ... "Ons sing eerstens to... van God. Daarby dra ... ook die Puk se naam ... het hy opgemerk.



*PUK-koor.*

# Waarheen met sulke kritiek?

**Kommentaar van Douw Breed, Theo Cloete en Gerhard Kamffer**

**Die afgelope week het ons studente weer eens bewus geraak hoe maklik dit is om negatief te kritiseer sonder om met positiewe idees vorendag te kom. Op 'n vergadering van voornemende A.S.B.-kongreslede is stellings deur Prof. van der Vyver gemaak wat 'n streng eie politieke siening weergee en nie onbevraagd gelaat kan word nie.**

### GRONDBEGINSELS

Die hooftrekke van Prof. van der Vyver se toespraak het daarop gesinspeel dat afsonderlike ontwikkeling, en spesifiek die tuislandbeleid, nie geslaag het nie. 'n Mens moet egter daarmee rekening hou dat 'n beleid dinamies van aard is en uit verskillende fasette bestaan. As sekere fasette van 'n beleid nie slaag nie, beteken dit nie dat die beleid, en veral die grondbeginsels daarvan, nie geslaag het nie. Deur die tuislandbeleid af te maak, omdat Buthalezi nie daarin glo nie, is 'n oorvereenvoudigde siening van die saak. Omdat Buthalezi in een swart regering vir Suid-Afrika glo, beteken dit nie dat Mangope ook daaraan glo nie.

### HEL OP AARDE

In sy toespraak het Prof. van der Vyver beweer dat die Swartman in Suid-Afrika "hel op aarde" het.

Ons sal net graag die volgende stellings wil maak:-

(i) Nêrens in die wêreld as in Suid-Afrika het 'n minderheid soveel vir 'n meerderheid gedoen om sy lewe te vergemaklik nie. Die Swartman in Suid-Afrika maak verder aanspraak op voordele wat hy ontvang van die Blankebelastingbetaler, terwyl hy relatief min uit sy eie sak betaal vir sy voordele.

(ii) As 'n mens Suid-Afrika se geskiedenis nagaan sien jy dat die Blanke tradisioneel, en vandag nog, die beskermheer was en is van die swakker swartman teen vernietiging deur die sterkere swartman.

(iii) Gesien in sy geheel, sonder dat dit 'n kriterium hoef te wees, kan aan eensydige profete gesê word dat die Swartman in Suid-Afrika beter daaraan toe is as in enige land in Afrika (bv. Uganda). Waar kry die Swartman nou "Hel op aarde".?

(iv) Het "hel op aarde" nie Swartes uit Angola en Mosambiek na Suid-Afrika laat vlug nie?

(v) Ten spyte van "hel op aarde" in Suid-Afrika, kom duisende Malawiese mynwerkers elke jaar na Suid-Afrika om op/in die myne te kom werk.

### ONETIES

Prof. van der Vyver het ook beweer dat toe min. Koornhof en andere oor moontlike konstitusionele veranderinge gepraat het, min. Voster hulle stilgemaak het omdat hulle kwansuis die kiesers sou verwar. Ons wonder net of hulle nie dalk stilgemaak is omdat hulle 'n kommissie se verslag vooruitloop wat nog moet verskyn nie. As ons dit nie mis het nie, is van die ministers wat moontlike konstitusionele veranderinge ondersoek. Dit is oneties om, terwyl jy lid van 'n kommissie is, jou eie siening luidkeels te verkondig, terwyl dit miskien 'n ander siening as die moontlike kommissieverslag kan wees.

### BESTAANSREG

Aangesien prof. van der Vyver slegs gekritiseer het, is dit vir ons moeilik om te bepaal watter bestaansreg hy die Blanke in sy raamwerk gee.

### VERSEKERING

Kan prof. van der Vyver, gesien in die lig van sy politieke denke, ons die versekering gee dat sake in Suid-Afrika anders sal verloop as in die res van die wêreld. Hier dink 'n mens byvoorbeeld aan die burgeroorloë wat in Libanon en Ierland heers waar slegs godsdienstige verskille bestaan en nie etniese verskille nie. Nader aan ons, naamlik in Afrika kan genoem word Algerië, Kenia, Uganda, Angola, ens.

### MISBRUIK

Studente het bogenoemde aand gekom om te luister na prof. van der Vyver se siening oor die regsposisie van die stedelike bantoe. Ongelukkig het hy die geleentheid aan hom gegun, misbruik en sy eie politieke siening weergegee.

Ons moet net besef dat ons in Suid-Afrika met 'n unieke situasie te doen het. In ons land het ons te doen met vraagstukke van die Derde Wêreld asook met hoogsindustriële probleme van die Westerse wêreld. Ten spyte van 'n geïndustriële samelewing glo baie Swartes nog aan 'n bestaansekonomie.

Pukstudente het nog altyd die leiding geneem in studentepolitiek en ons glo dat ons op die komende A.S.B.-kongres met konstruktiewe idees vorendag sal kom en nie net sinneloos sal kritiseer nie. Sodoende sal ons ons mede-studente lei en nie net verwar nie.

# Pukkies georganiseer

**Kragtens hul nuutopgestelde grondwet is die Pukkies nou formeel deel van die Sentrale Studenteraad en word as sulks gepatroneer onder die Kultuurraad. Hiermee verkry die Pukkies dus volkome erkenning as 'n selfstandige onderliggaam wat studentebelange behartig op sy spesifieke terrein.**

Volgens die nuwe grondwet is dit die taak van die Pukkies om in die lig en karakter van die P.U. vir C.H.O. reklame te maak vir die PUK en om as marsjerende groep die klem te laat val op die grasieuse beheer oor beweging, formasievorming en sierdril i.p.v. die erotiese voorhou van die vroulike liggaam en skoonheid.

Die voorsitster van die Pukkies, Wilna Jooste van Oosterhof, het vervolgens ook sitting op die Kultuurraad van die PUK.

Volgens mnr. Christo Schwellnus, voorsitter van die Kultuurraad, is dit verblydend dat die Pukkies nou op 'n vaste voetstuk geplaas is. Die feit dat die reglement deur elke Pukkie onderteken moet word en sy haar sodoende daaraan onderwerp, kan ook slegs tot die voordeel van die Pukkies wees.

Om konsternasies, soos in Maart vanjaar, te voorkom, bepaal die reglement ook dat foto's van die groep of individue uit die groep slegs met toestemming en onder toesig van die afrigter geneem word. Enige tipe of vorm van posering moet geskied in die lig van die C.H.O.-karakter wat die Pukkies kenmerk.

# VAN DIE S.S.R.-TAFEL

**Tydens die S.S.R.-vergadering wat op 6 Junie 1977 gehou is, is daar 'n aantal voorstelle ingedien wat die Pukstudent direk raak.**

As gevolg van klagtes wat ontvang is, gaan daar in die toekoms sterk teenoor studente opgetree word wat hul in die terrein van die damontspanningsoord aan sterk drank vergryp of aan ander ernstige oortredings skuldig maak.

Die bestuurder van die damontspanningsoord sal in gevalle van 'n oortreding die huisvader van die skuldiges skakel. Indien hy nie beskikbaar is nie, sal die voorsitter van die S.S.R. geskakel word. In baie uitsonderlike gevalle kan daar met die polisie geskakel word.

'n Voorstel, wat nou saamhang met die dra van koshuissweetpakke en sweetpakbaadjies, is ook ingedien. Daarvolgens sal 'n kommissie bestaande uit mnre. N.D. Potgieter, T.C. Schwellnus, P.H. Fourie en D.G. Breed, ondersoek instel na die probleem dat studente koshuisgees ten koste van Pukgees bevorder. Volgens mnr. D. Breed word daar aan die solidariteit van die Puk afbreek gedoen deur die dra van koshuissweetpakke na enige geleentheid. Hy voel dat daar op Vrydae meer Pukbaadjies gedra kan word. Hierdie kommissie sal poog om praktiese oplossings vir die probleem te soek.

# STRYD OM DIE GEES VAN 'N VOLK

**Die deurslaggewende faktor in die aanslag op die voortbestaan van 'n volk is die aanslag op sy gees, aldus mnr. Marius Schalekamp, voormalige ASB-president en SSR-voorsitter van die P.U. vir C.H.O.**

Die geestelike aanslag op Suid-Afrika behels 80 persent van die totale aanslag. In die eerste instansie moet ons die vyand in ons midde identifiseer en daarna 'n teenstrategie uitwerk. Uit die breë nasionale front het die Blankedom 'n liberaler uitkyk. Die Liberalistiese siening is besig om die kerk, staat, maatskappy, gesin, huwelik en individu se Christelik-Nasionale beginsels te versmoor. Die Wêreldraad van Kerke is 'n voorbeeld hiervan.

Die humanisme, individualisme, rasionalisme en optimisme is almal uitvloeisels van die liberalisme en dis veral in lg. geval waar die mens sy eie utopia skep deur slegs in die goeie in 'n mens te glo. Die Radikalisme beoog soveel moontlik veranderings en verwarrings op elke lewensterrein. Die strategie van die vyand verloop in die volgende stappe:-

- Skep van 'n vloeibare situasie
- Konfrontasie
- Warm en koue oorlog

Die slagspreuk van die koue oorlog is "Verandering" en die doel is swart oorheersing.

Dit is die plig van die Blankedom om vanuit 'n Christelik-Nasionale standpunt en nie behoud van die Blanke nie, 'n teen-offensief te voer. Daar moet nie 'n laer van afsondering om die Blanke getrek word nie, maar ons moet ons hand na die ander volke in ons midde uitreik en met die oog op Jesus Christus en die kruis met vertroue die nasionale taak in S.A. aanpak, aldus mnr. Marius Schalekamp.

# Studentediens word realiteit

**"Die student van vandag het 'n groot bedingingsmag, maar het dit nog nooit besef nie."**

So het mnr. P. Möller, ondervoorsitter van die SSR, in 'n onderhoud aan Die Wapad gesê.

Hy het vrae geantwoord oor wat studentediens is en wanneer dit ontstaan het. Hy het gesê studentediens het al drie jaar gelede ontstaan en verlede jaar tydens 'n konferensie by Tuks is daar in die rigting begin praat.

Hy het gesê studentediens is drieërlei van aard. Eerstens werk die ASB daaraan om diens aan die studente te lewer soos afslag by hotelle. Dit is egter nog nie in werking gestel nie.

Ten tweede is daar diens aan die studente, wat deur die universiteit self gelewer word. Dit is soos sielkundige dienste, opvoedkundige en regsdiens. Mnr. Möller het daarop gewys dat daar by die sielkunde-departement reeds sulke dienste bestaan, maar dit is nog nie onder die aandag van die student gebring nie.

Die derde diens aan studente, is die afslagkaart. Mnr. Möller het gesê daar is in die verlede al pogings aangewend vir die daarstelling van so 'n kaart, maar dit het nog nooit gewerk nie. Hy het gesê die komitee wat onder hom werk het egter al sukses bereik.

So 'n kaart bied vir studente op plaaslike vlak, of elke moontlike gebied voordele. Mnr. Möller het daarop gewys dat die student 'n opbloei vir Potchefstroom is.

Mnr Möller het ook gesê die afslagkaart sal in sy termyn nog afgehandel word, maar sal wees organisatoriese redes eers volgende jaar beskikbaar was. Hy het die hoop uitgespreek dat die kaart van 'n goeie omvang sal wees.

Wanneer die kaart volgende jaar beskikbaar is, sal die student slegs vir die administratiewe kostes verbonde aan die kaart betaal.

*Nog 'n gespesialiseerde diens van die Standard:*

## STUDENTPLAN. DIE ALOMVATTENDE FINANSIËLE PLAN VIR STUDENTE.




*Nou kry u meer van ons as ooit tevore.*

Studentelenings. U kan tot R1 500 per jaar of meer kry, afhangende van u behoeftes, vir die duur van u studies. En u betaal net 5,5% rente op daardie lening. Dis net 'n student wat teen sulke lae rente kan leen!

Tjekrekenings vir studente. Teen die laagste moontlike koste kan u self 'n tjekboek hê vir die grootste koopgerief ter wêreld.

Studenteversekering. Ons kan reël om u teen enigiets onder die son te verseker.

Studentespaarrekenings. U kan 'n studentespaarrekening met so min as 50 sent open en rente op u geld verdien.

Die dag wanneer u by die naaste Standard Bank-tak instap met bewyse dat u by 'n universiteit (of enige erkende inrigting vir hoër onderwys) ingeskryf is, kwalifiseer u dadelik vir 'n hele reeks dienste teen rentekoerse en voorwaardes wat nie-studente se monde laat water.

Die Standard se Studentplan voorsien in al u behoeftes as student. Stap in by enigeen van ons takke en kry 'n brosjure. Of gesels met een van ons Studentesakebestuurders wat die hele plan aan u sal verduidelik. Dit maak nie saak of u net sommige of al die dienste wil hê nie, u sal met 'n gevoel van groot verligting daar uitstap.

U is goed toegerus – by die Standard.




**Standard Bank**
Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)
*Op die Standard kan u staatmaak. Want die Standard maak staat op u.*

die WAPAD




# Die prys van Intervarsity

**Die hekgelde vir die komende Intervarsity teen Kovsies gaan glo dubbeld hoër wees as dié teen RAU vanjaar.**

**Intervarsity is tradisioneel die dag waarna elke student uitsien. Al is dit nie vir die rugby as sulks nie. Die dag word nou deur instansies uitgebuit om geld te maak. Dít is nie in die gees van Intervarsity nie.**

**Ons wonder hoeveel studente bereid gaan wees om R4 vir twee kaartjies te betaal om sy Universiteit se eerstespan te sien speel. Dit bederf die gees van intervarsity.**

**Hoekom gebruik die Sportinstituut nie liewer die R8 000 vir die spreiligte en sit tydelike pawiljoene op ons eie rugbyveld nie. Die R30 000 kan vir permanente pawiljoene betaal en die volgende jaar vir spreiligte.**

**Daarna kan die Sportinstituut homself uit Intervarsity geld dra en kan meer geld na ander probleempunte gekanaliseer word.**

# Voorkoms-regulasies

**Dit is met blye gemoedere dat ons verneem het van die nuwe kleredragreëls. Die implimentering van die reëls is duidelik en deeglik gestel.**

**Ons dank gaan aan almal wat meegehelp het met die opstel van die nuwe regulasies en besondere dank aan die Senaat.**

**Ons doen 'n beroep op die Pukke om hierdie reëls toe te pas. Hierdie veranderings en toegewings wat die Senaat gemaak het is beslis 'n bewys dat die student wel ook inspraak het op besluite.**

**Indien ons hierdie nuwe regulasies gaan misbruik, sal dit moeilik wees om vir onsself verdere inspraak in die toekoms te kry. Met ander woorde ons moet nie die vertroue wat in ons gestel is, skaad nie.**

# Studente-diens

**Die werksaamhede van die komitee oor diens aan studente, is iets waarvoor die student al lank voor gewag het.**

**Dit is so dat daar met die daarstelling van 'n afslagkaart op 'n plattelandse dorp meer probleme ondervind sal word as in 'n stad. In 'n stad is daar beslis groter mededinging as in dorpe.**

**Ons deel die stelling dat die student 'n opbloei vir Potchefstroom is.**

**Die afslagkaart wat volgende jaar die lig sal sien sal elke student se hart verbly. Ons het al lank hiervoor gewag. Ons dank ook aan al die ondernemings wat hul steun toegesê het aan hierdie afslagkaart.**

**Die erns wat van die ASB se kant af kom oor dieselfde saak is ook verblydend. Dit wys dat die ASB ook op 'n praktiese wyse, ook die Afrikaner student se belange wil dra en nie net in die teorie nie.**

**Die ASB sal in die toekoms dus nie net 'n liggaam wees wat niemand eintlik van iets weet nie, maar 'n liggaam by wie almal sal wil aansluit om deel te mag hê aan die voordele wat dit aanbied.**

# OP DIE WA-AS

*MAURITZ MOOLMAN*

## SKUIWERGATE EN ANDER REËLS

**ONS word hoeka verwyt oor subsidies, maar ek wonder of enigeen van die opstellers van die klerereëls al gesien het wat doen 'n baaisiekelsaal aan 'n broek se sitvlak. Hulle moet ryk wees want klere "met 'n verslete voorkoms" word nie op 'n universiteit vir Modieuse Sakkerollers en Verwante Sportsoorte geduld nie.**

Behalwe die gewigoptellers. Nie dat die nate van al die inspanning in die proses sal meegee nie (langbroeke mag "onder geen omstandighede" nousluitend pas nie), maar wat van die arme dames wat so gereeld op 'n tweede koshuiskalorie aandring!

Genoeg. Is daar iemand wat mooi stadig kan verduidelik wat op dees aarde bedoel word met kleredrag wat nie "in die weg" moet staan van die "draer se roepingsvervulling" nie? Miskien kan Glenda ons help?

Ou Gottlieb Bocceroli sê die veterstorie vat die koek. Hy wil by my weet of rokke en bostukkie nie met skóénveters bo gehou mag word nie. Hoe sal ek weet of veters breër kan wees as dit?

Gelukkig is dit reggemaak! Miskien moet ons die prys vir die skuiwergat van die jaar gee aan die laaitie met die slobberbroek, die tweeduim-skoenveters en die vinnige volksie se blink pa.

MY sul vriend Gottlieb Bocceroli sleep mos van verlede week af in Wanda. Die heel laaste koshuis.

Waarvan hy die meeste hou in die vorige een? (Kasteel dink ek.)

"Ja, die relatiewe privaatheid van die sitkamers – relatief privaat tot die trappies voor die Totius."

"En Wanda?" Wil ek weet.

"Ongetwyfeld hulle musical chairs", grinnik hy.

"Verduidelik maat," sê ek haastig. Ek het sélf 'n ogie daar.

"Kyk", sê my vriend "daar is op dees aarde niks mee verkeerd as 'n ou daar gaan TV kyk nie. Daar is ook glo niks fout as jou sleep gaan kyk nie. Selfs as jy toevallig daar is. Solank julle net nie langs mekaar sit nie."

"Jy speel!"

"Rêrig", sê hy "as sy langs jou sit, moet sy 'n laataand vat en as sy nie langs jou sit nie hoef sy net uit te teken vir TV."

"En?"

"Jy moet sien hoe speel die klomp musical chairs op die maat van die Saint as die koshuislied by die deur inloer!"

### AANDAG HUISKOMITEES

Koshuisadministrasie in Ses Maklike Lesse; Hoe om die Dames Skelm te Kry óf die Koshuise Leeg.

- Verminder die laataande, maar maak elke Vrydagaand 'n algemene laataand. Reserveer dié dan vir toetse. Die mans kan al om die ander week skryf.
- Laat hulle soveel as moontlik in- en uitteken. Dit is gewaarborg om die slinksste in die eerlikste na vore te laat kom.
- Bespreek elke inwoner afsonderlik en uitvoerig op huisvergaderings. Mense waardeer gewoonlik belangstelling in hul doen en late. Moet net nie name noem nie want dan dien dit geen doel nie. Dit is om te keer dat 'n gevoel van privaatheid ontwikkel en om 'n onderlinge wantroue en onenigheid te skep.
- Stel soveel moontlik reëltjies in. Dit is gewaarborg om die meeste frustrasie in die kortste tyd te veroorsaak. "Petty Rule" dan met mening. Die reëls moet verkieslik strenger wees as die strengste ouerhuis sodat niemand uitgesonder word nie.
- Nie een van die koshuise se reëls mag dieselfde as 'n ander s'n wees nie sodat hulle kan vergelyk en bewus word van wat dubbele standaarde is.
- Verhoog die koshuiskasgeld. Baie min kan dit in elk geval nog bekostig om te swot. Dit verseker ook dat die R35 miljoen se operahuis in Pretoria as 'n binnenshuise rugbyveld ingerig kan word weens 'n gebrek aan opvoeding.

# Redenaarskompetisie

**Die Puk-redenaarskompetisie vind op 25 Julie plaas. Almal mag deelneem en groot pryse is op die spel. Dit sal ook dien as uitdun vir die ATKB-kompetisie wat in Pretoria plaasvind.**

Pryse wat by die ATKB-kompetisie gewen kan word is onder meer 'n beurs van R200. Vanjaar mag ons vier verteenwoordigers van ons kampus af stuur.

Meer besonderhede is beskikbaar by die SSR-kantoor by Frikkie Odendaal in Makouvlei of Kobus Fourie in Caput. Daar is geen spesifieke vereiste nodig vir deelname nie.

Die Retoriese Vereniging hou verder 'n algemene vergadering op 27 Junie in die Frans du Toitgebou. Op 3 Augustus sal die eerstejaarsdebat in die Totiussaal gehou word. Die eerstejaars kan solank begin voorberei. Volledige besonderhede sal net na die vakansie bekend gemaak word.

# Uit die Woord

*Hebreërs 12:15 ". . . en pasop dat niemand in die genade van God veragter nie . . ."*

*– Om 'n goeie sportman te wees, moet jy OEFEN*

*– Om 'n musiek instrument goed te kan bespeel, moet jy OEFEN*

*– Om enige werk goed te kan doen, moet jy OEFEN.*

*As jy nie oefen nie, sal jy versleg.*

*– Net so moet jy jou geloofslewe oefen om 'n ware Christen te kan wees.*

*– Ons hoef nie eens doelbewus verkeerd te lewe om te veragter as Christen nie.*

*– Ons kan maar net ons hande vou en stilsit, agteruitgang sal gou volg.*

*– Ons moet onthou dat stilstand in ons geloofslewe agteruitgang beteken.*

*DAAROM waarsku die Hebreërbrief: Pasop dat niemand in die genade van God veragter nie.*

***Hierdie veragtering is : 1) 'n Langsame proses***

*– Net soos die groei van die geloofslewe langsaam en in stilte voortgaan, so ook die agteruitgang in jou geloofslewe.*

*– Ja, langsamerhand kry die duiwel die oorhand en verflou die mens se ywer vir die saak van die Here.*

***Dit vind ongemerk plaas***

*– Dít maat dit so gevaarlik vir ons.*

*– 'n Mens besef dit nie aan die begin nie, maar as jy eers besef dat jy heeltemal in die strik van Satan geval het –* ***dan is dit al byna te laat***

*– Daarom moet ons ons gedurig self ondersoek in die lig van God se Woord.*

*Mag God gee dat ons volgens Rom. 12:9 mag verafsku wat sleg is en die goeie aanhang.*

*– Sodat ons mag groei in ons geloofslewe*

*– En nie mag veragter nie.*

# Drankgewoontes in Suid-Afrika

**Sedert vroegste tye wend die mens hom tot sekere middels wat sy gemoedstoestand beïnvloed. Alkoholiese drank is 'n voorbeeld van dergelike middels.**

Navorsing wat deur die Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing van die RGN gedoen is, werp lig op die drinkgewoontes in Suid-Afrika. Van al die dwelmmiddels het alkoholiese drank die langste geskiedenis.

Daar word algemeen aanvaar dat die matige en beskaafde gebruik van drank bepaalde voordele vir die mens inhou. Die oormatige gebruik van drank, en die verskynsel van alkoholisme, is egter 'n ernstige probleem van wêreldwye omvang.

Dit wil byvoorbeeld voorkom of sowat driekwart blankes tussen 20 en 59 jaar drank gebruik.

Opnames toon ook dat meer as 75 persent swart mans drank gebruik en geheelonthouers word (meer in die geledere van swart vroue) gevind. By Indiërs is die persentasie wat drank gebruik baie kleiner as by ander volksgroepe, waarskynlik omdat hulle geloof die gebruik van drank ten sterkste verbied. 'n Ondersoek wat meer as 'n dekade gelede in Kaapland en Natal gedoen is, toon dat sowat 80 persent bruinmans drinkers is.

Drankvoorkeure verskil aansienlik onder bogenoemde groepe. Blanke mans spits hul veral toe op bier en natuurlike wyne, terwyl vroue natuurlike wyn bo bier verkies. By swart mense en veral die gesofistikeerde stedelinge is daar 'n duidelike ommeswaai na blanke dranksoorte.

Ouderdom speel veral by blankes 'n belangrike rol in drankvoorkeur en die populariteit van apiritualieë. Die stygende ouderdom is opvallend. Dit strook met die bevinding dat alkoholisme, wat gepaard gaan met die gebruik van spiritualiee, 'n groter probleem by middeljariges as by jeugdiges is.

# ASB Regskongres op die P.U. vir C.H.O.

**Gedurende die naweek van 29 en 30 Julie 1977 word die jaarlikse ASB Regskongres aan die P.U. gehou. Afgevaardigers van alle ASB geaffilieerde universiteite sal hul onderskeie kampusse op hierdie kongres verteenwoordig. Die volgende referate sal gelewer word:**

**Die wenslikheid al dan nie van nuwe egskeidingswetgewings**

Die hervorming op die gebied van egskeidingswetgewing staan vandag in die brandpunt en in die lig hiervan beloof dit om 'n uiters gewilde en interessante bespreking uit te lok. Die moontlikheid is groot dat Sy Edele Regter J.J. Trengrove S.C., wat homself in die afgelope tyd intensief met 'n studie op hierdie gebied besig gehou het, as spreker sal optree. Die volgende sprekers sal ook optree: Prof. D.J. Eloff, hoof van die Departement Maatskaplike Werk aan die P U en Mnr Jan Combrink, 'n vooraanstaande prokureur van Potchefstroom.

**Die verhouding tussen staat en burger**

Die aktualiteit van hierdie onderwerp leen hom tot 'n baie wye bespreksingsveld, veral gesien in die lig van ons huidige politieke -ekonomiese struktuur. Gesaghebbende sprekers wat in hierdie verband sal optree is: Mnr. Faan Jacobs van die Departement Publiekreg aan die P U en Mnr. Piet Liebenberg, verbonde aan die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die P U.

Besonderhede beskikbaar by

Die voorsitter, S.R.V.P., P U vir C H O, Bussie 47, SSR-kantoor.

# Nuwe hoop vir Psigopate

**Suid-Afrika het begin met 'n hele nuwe benadering in die poging om psigopate te behandel, sê genl.-maj. J.P. Roux, adjunk-kommissaris van die Departement van Gevangenis.**

Gen. Rous het op Maandagaand 23 Mei op uitnodiging van SIRSA, sielkundestudente en -dosente toegespreek.

Die nuwe behandeling, groepsosialisering, is 'n eerste vir Suid-Afrika en word by die Sonderwater-kliniek vir gesertifiseerde psigopate toegepas.

Die psigopaat is die vergete mens van die gemeenskap, maar die ignorering van die kliniese entiteit sal nie die verskynsel laat verdwyn nie, sê die generaal.

Die algemene opvatting is dat 'n mors van tyd is om psigopatie te behandel. Chemoterapeutiese behandeling soos elektrokompulsiewe metodes het nie veel vrugte afgewerp nie terwyl chirurgie glad nie meer gebruik word in die behandeling van psigopate nie. Ewe-eens is min sukses met individuele psigoterapie behaal. Die vernaamste probleem in die behandeling van die afwyking is dat geen kontak met die psigopaat op persoonlike vlak gemaak kan word nie. Om hierdie rede is gedragsterapie ook nie baie suksesvol nie.

Een metode wat moontlikhede inhou is aktiewe kondisionering (operant conditioning) waar daar dadelik beloning vir positiewe gedrag by die pasiënt gegee word en omgekeerd, sê hy.

Volgens die gedragsveranderingstegniek word volle verantwoordelikheid aan die pasiënt vir sy gedrag en herstel toegelaat. Dit is nie net 'n eenrigting-verantwoordelikheid aan die kant van die behandelaars nie.

Die kliniek waar die behandeling toegepas word, is een van die afdelings van die Sonderwater-gevangenis; daarom is die pasiënt hoofsaaklik gevangenes.

Die behandeling word toegepas op die basis van 'n puntetoekenning vir goeie gedrag terwyl punte afgetrek word vir swak gedrag. Dit word gedoen met behulp van 'n kaartjieknipper. Die "straf" word uitgedeel sodat al die pasiënte bewus is dat die ander persoon gestraf word. Daar word só gehoop om die psigopaat betrokke te maak.

MAURITZ MOOLMAN

Generaal Roux sê daar is byvoorbeeld 60 punte aan elkeen van die pasiënte toegeken toe hulle hulself van die onlangse brandstigting by die Sonderwater-gevangenis gedistansieër het.

Die punte het monetêre waarde. Die pasiënte kan die geld gebruik om koffie, sigarette, ensovoorts te koop of om snoeker te speel.

Die graad van positiwiteit van die psigopaat se gedrag word aan die puntetoekenning gekoppel. Die pasiënt wat boeklees in plaas daarvan om te gaan fliek, se gedrag word as meer positief geag en die puntetoekenning geskied dan hiervolgens.

Elke geval wat onder die kliniek se beskerming kom, word aan die begin afsonderlik ontleed omdat die psigopaat sy eie uniekheid en identiteit het. Wat die psigopaat betref, moet mens by die mens agter die psigo uitkom, sê gen. Roux.

Die nadeel van die beloningsisteem is dat die pasiënt gekondisioneer word, veral aan die begin van die behandeling.

Aan die einde van die behandeling kry die pasiënt al die moontlike benut en word die punte afgetrek afhangende hoe hy dit benut, deur positiewe of negatiewe gedrag. As sy gedrag aanvaarbaar is, bestaan die moontlikheid dat hy alles kan behou.

Wat uniek is in die behandeling sê gen. Roux, is dat die pasiënte belasting betaal. Tien tot 50 punte word van elkeen van die pasiënte afgetrek wat tot elkeen van die groep se voordeel strek. So word 'n groepsgebondenheid en sosiale betrokkenheid bewerkstellig.

Die pasiënte kan bonuspunte verdien deur uitsonderlike gedrag.

**Vorderingseenhede**

Die inrigting is ingedeel in vorderingseenhede. Die eerste is 'n oriënteringsfase. Daarna beweeg die pasiënt na die toelatingseenheid. Nadat hy aan bepaalde vereistes voldoen, word die pasiënt verskuif na vorderingseenheid A en dan na eenheid B. Laastens gaan hulle na die voorvrylatingseenheid waar hulle maksimum voorregte, verantwoordelikheid en vryheid geniet. Die hele proses is langsaam en kan tot vier jaar duur.

Die behandeling op sigself is 'n vorm van groepspsigoterapie en konfrontasieterapie. Sewe tot agt pasiënte word in die groep opgeneem en marathonsessies van tot dertig uur word gehou.

Die twee terapeute by die sessie word al om die drie uur gewissel. Die pasiënte word nie vooraf in kennis gestel dat hulle 'n marathonsessie bywoon nie omdat hulle geleentheid sal hê om hul weerstand te versterk.

Die twee basiese oogmerke met die marathonsessies is om 'n emosionele kontakpunt met die psigopaat te kry en om hom van sy rollespel te stroop. Die gebrek aan emosionele kontak is een van die grootste probleme wat oorbrug moet word voordat daar met die behandeling gevorder kan word.

Net twee reëls geld by die sessies. Die pasiënte kan sê wat hulle wil, maar hulle mag aan niemand raak nie. Daar is 'n slaansak aangebring sodat hulle hul agressie kan afwerk, sê gen. Roux.

Die ander reël is dat niemand hom van die sessie mag onttrek nie.

Volgens gen. Roux wil hy nie in hierdie stadium beweer dat daar definitiewe verbetering in die persoonlikheid van die psigopaat teweeggebring word met die behandeling nie. Dit is egter reeds in hierdie stadium duidelik dat wat reeds bereik is 'n aanduiding kan wees van 'n nuwe tegniek waar mens emosionele betrokkenheid by die psigopaat kan bewerkstellig.

Daar word letterlik elke dag verslag oor die optredes van elke pasiënt gedoen. Die verslae word deur die "wagte", die terapeute en die pasiënte self gedoen.

Die pasiënte wat behandel word, nadat daar net meer as ses maande verloop het toe daar met die Hospitaal-Gevangenis begin is, is almal mans.

Die gemiddelde ouderdom is 25 tot 28 jaar. Hulle het begin met ses gesertifiseerde psigopate. Op 1 Mei vanjaar was daar 25.

Volgens gen. Roux is daar reeds planne om 'n soortgelyke hospitaal te begin vir ander rasse. Dit sal in Wes-Kaapland wees.

# UIT NO. 13

Geagte Redakteur,

'n Saak wat baie ongerief en ongelukkigheid veroorsaak hier op ons Universiteit is die alewige onbeskikbaarheid van handboeke. Die skuld word dan gewoonlik op die betrokke boekhandel gegee, wat na my mening foutief is.

Die skuld lê by die dosente wat baie goed weet dat sekere handboeke benodig sal word, maar nie die moeite doen om te sorg dat daar wel boeke is, of vroegtydig daarvan bestel word nie. Dikwels word aan die student in die klas gevra of hulle sekere handboeke het, en indien nie, nouja, dan moet ons maar geduld gebruik dat die lektor nou eers die boekhandel kan laat weet om te bestel.

Nog 'n teer plekkie in studentegemoedere is dat handboeke soms aan die begin van 'n jaar voorgeskryf word, maar nooit gebruik word nie. As die rede vir voorgeskrewenheid dan nou is om te dien as naslaanwerk of breër-selfstudie, dan is die vraag nou waarvoor is daar 'n biblioteek?

Ek weet ek praat namens menige student as ek 'n vriendelike versoek rig tot alle betrokke persone om van hulle kant 'n daadwerklike poging aan te wend om die saak reg te stel. Hier is vir u die geleentheid om die student te help op 'n manier waarvoor elkeen sal dankbaar wees. 'n Student koop graag 'n handboek wat hy kan gebruik, maar duur "glaskas"-handboeke lei tot algemene ontevredenheid.

Ek-is-maar-ene.

# DEUR MY LENS

*LOUW VAN BILJON*

**"Die behoefte aan 'n oorkopelende studente-organisasie vir beide die Engels- en Afrikaanssprekende studente in Suid-Afrika is groot."**

"NUSAS het nie in sy doel geslaag om Suid-Afrikaanse studente tot 'n verenigde front saam te snoer nie. Die A.S.B. is só skepties oor kontak met Nusas dat eersgenoemde liggaam geen aanstaltes tot betekenisvolle kontak maak nie": aldus Campus Independent van 26 Maart 1977

Ons kan tot die slotsom kom dat NUSAS nie meer bestaansreg het nie, omdat dit beheer word was deur 'n groepie radikales wat die organisasie net ter bevordering van hul eie doel gebruik het.

Of NUSAS dit werklik goed bedoel met hul huidige "Afrikansasie" – beleid en wat hul oogmerk daarmee is, is nog duister. Die tyd om te wag en te sien is egter nie beskikbaar nie.

Die S.R. van die Durbanse Kampus het op 'n vorige vergadering 'n mosie aangeneem waarin alle formele kontak met A.S.B. – Geaffilieerde kampusse verbreek word. Die rede:

"The ideology of the A.S.B. is fundamentally that of the government. The ideology of NUSAS is fundamentally opposed to the government policy. . . . In this context, what do formal conferance achieve? The answer is – very little from the point of view of meaningful decisions being made. Consensus means that burning issues cannot be discussed because there can never be agreement. NUSAS and A.S.B. are simply too far apart" (Dome, 6 June 1977)

Hulle is egter nog ten gunste van informele kontak omdat dit – volgens hulle – die enigste manier is waardeur resultate verkry kan word.

Vir sy voortbestaan, is 'n verenigde blanke nasie nodig. Daarom moet daar wedersydse skakeling tussen Engels- en Afrikaansetaliges d.m.v. kontak bewerkstellig word. Ons is ten gunste van kontak solank as wat almal oop en eerlik is daaromtrent.

Op die vorige redakteurskonferensie gehou te IKEY'S was die pers teenwoordig; sommige Engelstaliges Universiteite het met groot afvaardigings daar opgedaag en nie al die Afrikaanse Universiteite was teenwoordig nie (die PUK het die kennisgewing gekry nádat die konferensie klaar gehou is). Dit het gebeur nadat die ASPU-koerante vereis het dat die pers nie teenwoordig moet wees nie; dat elke studentekoerant net deur een amptelike afgevaardigde verteenwoordig moet wees en dat alle Afrikaanse Universiteite genooi moet word.

Eerskomende vakansie wil die Engelse Studentekoerante weer 'n konferensie op UPE. aanbied. Wat staan ons nou te doen? Moet ons maar ons trots sluk en weer te gaan, of moet ons wegbly?

Aangesien ons voorwaardes in bogenoemde geval op dowe ore geval het, bly ons natuurlik weg. Dit is egter nie waar dit moet bly nie.

Ons moet hulle laat verstaan dat ons nie onsself sal skik volgens hulle giere nie. Ons moet, d.m.v. die ASB, dinamies te werk gaan en 'n uitwaardse beleid volgens óns standaarde aanpak. As die vereiste wat ons aan die Engelse kampusse stel, nie nagekom word nie, moet ons dit afdwing. Die A.S.B. en ASPU moet sy houding van: "die Engelsman speel nie saam nie daarom speel ons ook nie saam nie" laat staan want dit gaan Suid-Afrika nêrens bring nie.

Ek bepleit nie skakeling nie ter wille van skakeling nie, maar tot voordeel van ons as blankes. Dit is nodig – dringend nodig.

Alle Afrikaanse Universiteite behalwe Stellenbosch en UPE. is by die ASB geaffilieer. Teoreties dus, stem al die geaffilieerde universiteite se studente saam met ASB-beleid. Is dit egter so?

Die ASB moenie reken op slaafse navolging en steun van alle Afrikaanse studente nie. Die ASB is óns Studenteorganisasie. Daarom moet hy bewys dat die Afrikaanse Student progressief kan dink en wel is, MAAR . . . dat ons nie ons beginsels en standaarde sal prysgee t.w.v. kontak nie.

Ons moet inisiatief neem en kontak bewerkstellig op so 'n manier dat die Engelse Kampusse nie die hef in die hand het nie, maar ons.

As ons dit nie d.m.v. die Afrikaanse Studentebond kan regkry nie, het Suid-Afrika 'n oorkoepelende Studenteorganisasie nodig.

# KOSHUISNUUS

## HEIMAT OOR DIE ALGEMEEN

**Die manne in Heimat sien almal uit na die vakansie wat naderskuif. Die akademie het hulle die kwartaal in 'n wurggreep gehad, maar die TV-kamer wat elke aand al voller word, getuig daarvan dat die toetse wyk en meer tyd aan ontspanning bestee word.**

### HEIDE BELEEF STIL TYD

**Op 'n stil manier staan Heide haar plek vol op die kampus. As gevolg van goeie gees onderling het 'n splinternuwe geselsblaadjie HEIDI, verlede week die lig gesien.**

Intussen het al die proefstudente weer teruggekeer en word daar ure lank gesels oor die ervaring. Sommige kry nog koue rillings as hulle terugdink, ander lag lekker en sien daarna uit om "juffrou" te wees.

So tussen die gesels deur word daar na die boeke gegryp en brand die ligte tot laataand (of liewer vroegoggend). Die jaar spring met reuse spronge vorentoe en binne 'n paar weke is nog 'n semester verby en is ons nog nader aan die einde van die jaar.

Oor dié feit glimlag 'n klompie dames net breër en blink die "klippies" aan hul linkerhande net helderder, want hoe gouer die tyd verbygaan, hoe gouer kan hul planne finaliseer.

Die sport word natuurlik nie verwaarloos nie. Ons wens die rugbyspelers, Gerhard Jordaan, Johan du Plessis, Jan Labuschagne, Hannes Botes en Gerhard Fouché geluk met die prestasie dat hulle die Puk verteenwoordig. Die feit dat Drakenstein sleg vaar is seker daaraan toe te skryf dat dié vyf uit die tien spelers vir die Puk spanne gekies is.

Die tennisspelers wat saam met Thaba Jäh se spelers Drakenstein verteenwoordig kwyt hulself goed van hul taak. Die wedstryde is gespeel en gewen met die laaste wedstryd telling 51 teenoor 9 in Drakenstein se guns. Hou so aan, laat elke hou 'n kishou wees!

Die Primarius verlaat Juliemaand die koshuis om prakties te gaan doen. Heimat sal vir die res van die jaar sonder 'n Primarius funksioneer. Barry van Rensburg, een van die meer senior manne is verkies om vir Arthur, die onder primarius, by te staan in die uitvoering van sy pligte.

Heimat lyk soos Ellispark na 'n toets. Die onderste gang loop teen 'n vinnige tempo leeg soos die eerstejaars die koshuis verlaat. Dit wil lyk asof 51 jaar se tradisie nie in een jaar aangeleer kan word nie en die knape gaan soek elders verblyf.

Een van die sosiale hoogtepunte is bereik toe ons die tradisionele SF by die dam gehou het. Die aand voor Republiekdag het die bewoners saam met hul meisies 'n braaivleis geniet. Die koue het bygedra dat dit 'n groot sukses was.

Ons wil hierdie jaar weer teen dameskoshuise netbal speel. Die Heimat-span is nog onoorwonne en ons daag enige dameskoshuis, veral Kasteel Blok G uit om teen ons op die veld te draf.


## THE BLUE STORE

**WINKEL 56 NUWE INDIER SENTRUM**
**TEL 6364 21861**

| | |
|---|---|
| LEE STOOFPYPBROEKE | R9-95 |
| MANS KUNSLEER BAADJIES | R29-95 |
| WATSON GRASSHOPPERS | NET R13-95 |
| WOPPAS SLENTERSKOENE | R12-95 |

*PAS ONTVANG! NUWE REEKS!*

BROEKE EN HEMDE @ SPESIALE PRYSE
CASSIDY LEER AFGEWERKTE DENIM GELEENTHEIDSPAKKE

**KOM KYK GERUS EN VERGELYK ONS PRYSE**

**GOEIE KWALITEIT!**
**GROOT VOORRAAD!**


# Uitspan op-en-wakker

**Vele aantreklike gebeure het reeds hierdie afgelope semester plaasgevind. Vir elkeen wat daaraan deel het (of gehad het) sal dit altyd 'n mooi herinnering bly. 'n Mens herroep altyd sulke gedagtes.**

Die belangrikste is natuurlik die fatale ineenstorting van die VVO. Ja – glo dit of glo dit nie – die Vroue Vervolgingsorganisasie het in duie gestort. Die hooggeagte heer Tommie had geen ander keuse as aanvaarding van sy "uitsmyt" nie. As persoon het hy die afgelope twee jaar die status van "Erepresident" gedra. Nogal 'n statusposisie wat 'n man moet prysgee vir 'n vrou né!

Die onverskrokke, bloeddorstige, vreesaanjaende en wrede oumanne sal nie gougou vergeet van "Operasie Rasper" nie. Dit sal altyd onthou word as "die aand toe Uitspan afgebrand het".

Maar laat ons dit eers duidelik stel – álles het ánderkant die spoor plaasgevind. Aan hierdie kant het Die Beer eensaam en alleen die gebeure bekyk – en besluit dat hy afgeskeep word. Uit die donkerte van die nag word daar toe vir hom 'n "liggie" aangesteek.

"Eerstejaars"
"Eerstejaaree!!!"
"Goeienaand Meneer Walker"
"Bring alle papiere, kartonne – net wat julle in die hande kan kry. Beweeg!"
"Beweeg"
"Goed meneer Koos!"

Alle voorwerpe wat kan brand, of die potensiaal het om te brand, word op die "bomskuiling" se dak gelaai. En die spul word aan die brand gesteek.

"Eerstejaar – bel die brandweer"
"Goeienaand meneer Dries"

Nou is daar chaos! Uitspan brand af!!

Die gees in die koshuis is groot. Die een-en-twintig "Menere" leef hul normale leefwyse. Gereelde koshuisvergaderings word gehou. En die lekker van die vergaderings is die feit dat 'n paar manne altyd na 'n vergadering kan aanspraak maak op hul enkelkamers. (Met die toestemming van Huispa natuurlik!). Al meer-en-meer kamers word beskikbaar gestel vir die oumanne. Ja-nee, prof. Daan is 'n reg huispa!

Oeps, amper vergeet – Overs, ons het nie vergeet van jul vernedering met die rugby nie. Dit sommer met die eerste wedstryd van die seisoen, hê. Drakenstein draf vir Hombré flou in die eerste tenniswedstryd ook. As dit net-net was, maar dit was dan 4 wedstryde teen 0. (41 potte teen 19).

## Rugby-Fieterjasies van Vergeet-my-nie

**Dit is deesdae 'n alledaagse gebeurtenis om twee keer 'n week oor Vergeet-my-Nie se interkom te hoor dat al die rugby-dames van Blok R en Blok P nou by die Fanie du Toit sal gaan oefen. Vir enige buitestaander klink dit heel vreemd, maar vir die wat weet is dit 'n saak van erns. As 'n mens verneem na die blou kolle en styfheid in die kuite van dié besondere dames kry 'n mens gewoonlik 'n antwoord soos "Dis die skrumwerk wat ons gister geoefen het" of "Ek is laaggevat net toe my pad oop was doellyn toe".**

Vir diegene wat nog steeds nie weet waarom die bedrywighede gaan nie, sal dit 'n verligting wees om te hoor dat die rugby spelery slegs 'n tydelike ding is. Die voorbereiding is vir die groot dag wanneer Vergeet-my-nie vir jaar. Dan durf Blok P vir Blok R aan op Ellispark . . . skies, die Fanie du Toit. Vir die hoofwedstryd is reeds 80 000 kaartjies verkoop. Verdere belangstellendes sal dus maar tevrede moet wees met sitplek op die gras langs die veld. Maar miskien sal daar darem nog een of twee gelukkiges wees wat op die swartmark 'n kaartjie vir 'n sitplek op die pawiljoen kan kry.

## ASTER HOFAKSIES

**Ja-nee, Wanda gaan kuier toe mos op Tuks en in besonder vir Asterhof – die rede – ons gemeenskaplike embleem nl die kameelperd! Tweedens was ons natuurlik ook lus vir "oefening".**

Bus volgepak met sport(s)spanne vertrek ons om elfuur Saterdagoggend. Daar aangekom word suigstokkies uitgeruil en ou kennisse welkom geheet. 'n Dringende tafeltennisspan moet gekies word maar – die werklike tennis waarvoor ons opgeruk het, val deur die mat! – maar die middag en veral die aand lê toe nog voor!

Hokkie word in Wanda se guns beklink en daarna is dit wéér so met toutrek – Petty en Lizette tree as oorwinnaars uit die stryd met die drie-eenresies met Karin en Christiena kort op hulle hakke. Nou vir die eiergooi – hier gaan dit nie so voorspoedig nie – Asterhof wen en met heelwat "geel" rokke en skoene sit ons af sokkerveld toe – julle moet darem onthou daar op Tuks is daar aparte bane vir hokkie en sokker.

Sokker – halftyd word met sjampanje gevier en lyk my die Tukkies het minder weerstand teen die "invloed" as die PUKKE – so ons verloor 2-1.

Terug koshuis toe – glad poeding gekry op 'n Saterdagaand – en die breekgoed kan rêrig breek! Uitgetof in jou beste oefendrag daag ons by Taaibos op en word met ope arms verwelkom. Die musiek is heerlik en die vloer groot en ruim en glad en die manne baie. Die Wandameisies kry baie aandag en iedereen geniet dit.

Twintig voor elf – 'n groot gesug. Die laaste dans. Dan almal bus toe. Gou die ander gaan oplaai by Asterhof – dan in die pad val.

Kwart oor een weer 'n opflikkering. Ons stop by "Blerrie lekker Chicken" op Uncle Charlie en "Choc 99".

Veilig hier aangekom. Laastens ons dank aan ons HK wat gemoeid was met die reëlings en wat vir ons so 'n heerlike dag gereël het – Asterhof volgende jaar kom ons ons sokkerbeker terugvat!

## Kasteel Kaskenades

**Het jy gedink die winter is 'n koue ding wat alles vaal maak? Aikona! Kom gooi gerus 'n ogie in Kasteel se voorportaal – Splinternuwe gordyne wat sommer jou hart so 'n slag of twee sal laat oorslaan. En blok J se onderste sitkamer het ook 'n gedaanteverwisseling ondergaan.**

Alle Pukke wat graag die groot verbetering wil kom besigtig is meer as welkom – ons is nie skaam of suinig om 'n lekker koppie warm koffie of sop aan belangstellendes af te staan nie! Buiten al die mooi dinge bly ons nog heel bedrywig met ons interaksies ook! Hiermee kom baie opreg vanuit elke Kasteelhart wat sedert Dinsdagaand sommer ekstra warm vir Klooster klop: "Dankie vir 'n lekker aksie en 'n onvergeetlike aand".

Nog nuus vanuit Kasteel se Tier se koninkryk is dat ons span met Woensdag se vasvra wat deur die Kultuurraad aangebied is teen Oosterhof te staan gekom het en naelskraap met 21-20 verloor het. Ons wil nogtans sê: "Wel gedaan Oosterhof!"

Verder het ons 'n metode uitgevind om die inflasiegogga 'n goeie knou te gee. Ons spaar warm water deur die bad so vier-vier te beset en op die manier spaar ons seep ook! Want moenie dink jy kan dan was en skrop nie – jy moet net sit en week! Ons daag alle koshuise om ons rekord van 4 dames in een bad (met alle liggaamsdele binne!) terwyl daar water in is! na te doen of te verbeter.

## Oosterhof

**Die sleepportaal het 'n gedaanteverwisseling ondergaan en ons verneem van betroubare bronne dat daar nog sulke verrassings wag.**

Die manne het seker al gewonder waarom hulle deesdae so 'n ekstra paar minute vir die dames by die voordeur moet wag. Ek verklap nou eintlik 'n geheim, né. Op elke eenheid trappe is daar 'n groot spieël aangebring. Tevrede?

Sommer 'n dankie aan ons Oosternooiredaksie vir so 'n puik uitgawe van ons koshuisblad.

Daar word een van die dae 'n groot tafeltennistoernooi in die koshuis gehou waaraan hard geoefen en waarna met groot verwagting uitgesien word, en so tussen alles deur, kry die akademie hierdie termyn ook baie aandag.

Hoekom sak daar deesdae so 'n bekommerde stilte toe as 'n Vrydagaand nader – dis dan naweek? Die Akademie druk mos deesdae ook oral sy neus in.

Maar ons Oosternooiens gee nie om om hard te werk nie, want "wanneer jy werk, is jy 'n fluit deur wie se hart die fluistering van die ure in musiek verander. Wie van ons sou 'n riet wou wees, stom en stil terwyl al die ander in harmonie saamsing?"

# A.S.B.-FEESTE

**Vir 'n hele paar PUKKE lê daar 'n heerlik-interessante vakansie voor. Die ASB-kongres word vanjaar by Tukkies aangebied vanaf 4 tot 8 Julie. Die program beloof nie net insiggewende besprekings van die huidige politieke situasie nie, maar ook feeste van sosiale aksies.**

Op Sondag 3 Julie open die koshuise op die Tukkie-kampus alreeds om 15h00. Al die dames sal tuisgaan in Asterhof en die mans in Jasmyn.

Op Maandag 4 Julie begin die registrasie vir die kongres om 08h30 en daarna volg die onderskeie kampusverslae: Blanke Suid-Afrika: Die stryd om die gees-wanhoop of vertroue is die tema van die bespreking van dié dag. Maandagaand word daar 'n Kaas- en-wynonthaal vir die kongresgangers aangebied.

Op Dinsdag 5 Julie word tuislandontwikkeling en die regsposisie van die swartman in blanke stedelike gebiede onder die soeklig geplaas. Dinsdagaand is 'n doen-wat-jy-wil-aand, onder andere is daar 'n mini-bokjol, fliek, pannekoekbak en reëlings vir 'n stadsbesoek.

Op Woensdag 6 Julie word konfrontasie as laaste uitweg onder die vergrootglas geplaas. Die middag vind die tradisionele rugbywedstryd (mans en dames!) tussen die noordelike en die suidelike universiteite plaas met 'n osbraai om die dag mee af te rond.

Op Donderdag 7 Julie word mosies t.o.v. die besprekingspunte afgehandel. Die ASB-voorsitter sal ook sy verslag lewer. Donderdagaand vind die gebruiklike kongresdinee plaas. Vrydag 8 Julie sluit die koshuise om 12h00.

Enige PUK is geregtig om te gaan deelneem aan al hierdie jolighede. Volgens die huidige SSR sal dit veral vir alle voornemende SSR-lede van groot hulp wees as hulle hierdie kongres kan bywoon, aangesien die SSR-verkiesing vanaf hierdie jaar 'n meer politieke kleurtjie gaan kry. Daar bestaan al 'n moontlikheid dat die Groot Sweet o.a. in koshuise gaan plaasvind - dus sal sekere mense hulle sê goed en begrond moet kan sê!

Alle besprekings vir die kongres word nie later as Maandag 27 Junie aanvaar nie. Die besprekings tesame met die kongresgeld (R25) is tussen halftwee en twee-uur betaalbaar by mej. Christiena Pelser voor die PUK-PIK.

# My Kollektelys??

**Die tyd van feesvier en Karnaval is verby. Tog is daar nog een saak wat nie afgehandel is nie. Die mense wat nog nie hulle kollektelyste ingehandig het nie, begin dalk al bly word. Die komitee se kontrole was dalk nie goed genoeg nie of hulle gaan nie optree nie, of . . .**

Wel, daar was tyd nodig om al die kollektelyste na te gaan. Die komitee het gevind dat daar nog heelwat lyste uitstaande is. Dit sal spoedig ingehandig moet word om verdere stappe te ontduik.

Ons is bewus daarvan dat enkele lyste wel weggeraak het, maar sulke gevalle sal streng behandel word.

Dus 'n vriendelike versoek aan al die PUKKE wat nog nie hul köllektelyste ingehandig het nie. Gee dit asseblief vir jou prim, of kom betaal dit in by die SSR-penningmeester tussen 10vm en 3nm. Elke lys MOET ingehandig word.

# STUDENTEVOORKOMSREGULASIES VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

HIERDIE voorkomsregulasies vervang alle bestaande voorkomsregulasies en is op **alle** studente aan die Universiteit van toepassing.

Die doel van die regulasies bly steeds om netheidsnorme te verseker en nie om studente se individualiteit aan bande te lê nie.

Die uitvoering van die regulasies berus by:

1. die student self en
2. bepaaldelik by die Sentrale Studenteraad, die koshuiskomitees, die doserende personeel en alle administratiewe personeel wat met studente omgang het.

Die Regulasies word volledig omskryf in hierdie uittreksel uit die nuwe Reglement vir Kosgangers:

3.1 **Doel**
Kleredrag moet dien as 'n behoorlike bedekking van die liggaam en deur beskeidenheid gekenmerk word.

3.2 **Algemene bepalings**
3.2.1 Hierdie regulasies geld wanneer die student die kampus besoek om watter rede ookal. Kleredrag op Sondae en in en om die koshuis en in die eetsaal word omskryf in die onderskeie reglemente vir dames en manskoshuise.
3.2.2 Kleredrag moet te alle tye skoon en netjies wees.
3.2.3 Slenterdrag is onaanvaarbaar, asook enige drag met 'n enigsins verslete of verbleikte voorkoms. Langbroeke moet 'n soom hê en mag nie nousluitend pas nie.
3.2.4 Sweetpakke met bypassende sportskoene mag slegs met die oog op sportdeelname gedra word. Universiteitsweetpakke mag ook deur sportdeelnemers Maandag- en Woensdagmiddae klas toe gedra word.
3.2.5 Liggaamlike Opvoedkunde- en Dramastudente mag in volledige amptelike Universiteitsweetpakke met die betrokke departement se kenteken daarop ander klasse bywoon gedurende dieselfde dagfase (voormiddag of namiddag) waarin hulle ook Liggaamlike Opvoedkunde- of Drama-praktika moet bywoon. Bypassende sportskoene moet by sulke geleenthede gedra word.
3.2.6 Sport- en slenterskoene mag andersins nie gedra word nie.

3.3 **Spesifieke bepalings vir mans**
3.3.1 Die hare mag onder geen omstandighede langer wees as die onderkant van die baadjie - of hempskraag agter die nek nie en 'n wyer voorkoms hê as wat dit by die ore is nie. Die hare moet te alle tye skoon en netjies vertoon.
3.3.2 Langbroeksafaripakke mag gedra word.
3.3.3 Anders moet 'n hemp en langbroek gedra word. 'n Hemp moet minstens aan die volgende vereistes voldoen:
3.3.3.1 'n stywe kraag hê,
3.3.3.2 kan oopknoop tot onder aan die hemp.
3.3.4 Kouse en skoene moet gedra word.
3.3.5 Vir laboratoriumpraktika mag 'n kortbroek met langkouse, skoene en 'n netjies wit jas gedra word.

3.4 **Spesifieke bepalings vir dames**
3.4.1 Kleredrag moet nie deurskynend wees nie en die draer behoorlik bedek soos bedoel in 3.1.
die volgende kledingstukke is nie aanvaarbaar nie:
3.4.1.1 Halternekrokke of -bostukke.
3.4.1.2 'n Rok of bostuk met smal skouerbandjies of wat agter laer oop is as voor.
3.4.1.3 'n Rok of bostuk met 'n oop middellyf.
3.4.1.4 T-hempies met simboliese drukwerk.
3.4.2 Plakkies mag nie gedra word nie.

2. **REGLEMENT VIR DIE DAMESKOSHUISE**
Vervang die huidige artikel 2 met die volgende:

2. **KLEREDRAG**
2.1 Die norm is dat dames altyd netjies, vroulik en fatsoenlik volgens die oordeel van die huiskomitee en verteenwoordigend van die P.U. vir C.H.O., moet wees.
2.2 **Drag op Sondae**
2.2.1 Van dames word verwag om hulle eerbied en ontsag vir hierdie dag ook in hulle kleredrag te getuig.
2.2.2 'n Rok met sykouse is 'n vereiste vir middag- en aandete.
2.3 **Drag in sitkamers en om en tussen koshuise**
2.3.1 Dames mag nie in die sitkamer kom of die koshuis verlaat met krulpenne in die hare of met 'n sjoebroekie of kamerjas, of met enige kledingstuk wat ingevolge artikel 3.4 van die Reglement vir Koshuisgangers onaanvaarbaar is, of met slenterdrag nie.
2.4 **Drag in eetsale**
2.4.1 L.O.- en drama-studente mag met hulle amptelike sweetpakke gaan eet indien artikel 3.2.5 van die Reglement vir Koshuisgangers van toepassing is.
2.4.2 Dames mag nie met sweetpakke gaan eet nie, behalwe in die volgende gevalle en mits dit 'n amptelike Universiteits- of koshuissweetpak is waarby sportskoene gedra word;
(a) ontbyt
(b) aandete - net Maandae en Woensdae. Bona fide deelnemers aan georganiseerde sport mag met toestemming van die huiskomitee ook op ander weeksaande met sweetpakke gaan eet.
(c) Dames mag nie met plakkies of kaalvoet gaan eet nie.
2.5 **Algemene bepalings**
2.5.1 Sportskoene mag net saam met sportdrag gedra word.
2.5.2 **Sweetpakke**
Sweetpakke mag by spesiale geleenthede en aksies (sêr, vlotbou, ens.) gedra word maar nie vir inkopiedoeleindes of ronddrentel buite die kampus nie.
2.5.3 T-hempies wat deur die Sentrale Studenteraad goedgekeur is, mag as nie-akademiese drag gedra word.

3. **REGLEMENT VIR MANSKOSHUISE**
Vervang die huidige artikel 2 met die volgende:

2. **KLEREDRAG**
2.1 Kosgangers moet, wanneer hulle die koshuis verlaat of by die dameskoshuis besoek aflê, netjies gekleed gaan.
2.2 **Drag op Sondae**
2.2.1 Van mans word verwag om hulle eerbied en ontsag vir hierdie dag ook in hulle kleredrag te betuig.
2.2.2 'n Langbroek en hemp (soos omskryf in artikel 3.2.3 en 3.3.3 van die Reglement vir Koshuisgangers), das, skoene en kouse, moet gedra word.
2.2.3 Vir middag- en aandete word 'n pak klere vereis.
2.3 **Drag in eetsale**
2.3.1 Op weeksdae mag kosgangers soggens en in die middag met 'n kortbroek en hemp met minstens sandale gaan eet. Vir aandete geld artikels 3.3.2, 3.3.3 en 3.3.4 van die Reglement vir Kosgangers.
2.3.2 L.O.- en dramastudente mag met hulle amptelike sweetpakke gaan eet indien artikel 3.2.5 van die Reglement vir Kosgangers van toepassing is.
2.3.3 Mans mag nie met sweetpakke gaan eet nie, behalwe in die volgende gevalle en mits dit 'n amptelike Universiteitsweetpak of koshuissweetpak is waarby bypassende sportskoene gedra word:
(a) ontbyt
(b) aandete - net Maandae en Woensdae; bona fide deelnemers aan georganiseerde sport mag met toestemming van die huiskomitee ook op ander weeksaande met sweetpakke gaan eet.
(c) Mans mag nie met plakkies of kaalvoet gaan eet nie.
2.4 **algemene bepalings**
2.4.1 Die geheelindruk van die man moet netjies wees volgens die oordeel van die huiskomitee.
2.4.2 Sportskoene mag net saam met sportdrag gedra word.
2.4.3 Sweetpakke
(a) Sweetpakke mag by spesiale geleenthede en aksies (sêr, vlotbou, ens.) gedra word maar nie vir inkopiedoeleindes nie.
2.4.4 T-hempies wat deur die Sentrale Studenteraad goedgekeur is, mag as nie-akademiese drag gedra word.

# Eerstejaarskamp

**Korps Aktueel bied die naweek van 24 - 26 Junie 'n eerstejaarskamp aan. Omdat daar met die vorige 'Aktueel 80' so 'n groot belangstelling was, is daar op 'n tweede kamp besluit.**

Die kamp sal op die Venterskroon-kampterrein plaasvind en word so beplan om baie praktiese wenke aan voornemende kampusleiers te gee. Prof. Tjaart van der Walt sal 'n inleiding oor die basiese beginsels vir leierskap gee wat dan met verdere wenke opgevolg sal word. Al die rade van die S.S.R. se werking sal ook aan die eerstejaars voorgestel word.

Omdat die hoofklem van die kamp op praktiese wenke lê, sal die eerstejaars in groepies verdeel word. Die groepies moet dan spesifieke take verrig. So sal een groepie bv. 'n afsluitingsdinee aanbied en die ander 'n publikasie uitgee. Die hoogtepunt van die kamp sal seker die skyn-S.S.R.-vergadering wees.

Ander aktiwiteite wat die naweek sal plaasvind, is 'n kampvuurkonsert en Sondaggoggend se preek. Dit sal oor Christenwees op die kampus handel. Die toerouers sal mnr. en mev. Gerhard Kamfer wees.

# ONTHAAL VIR RIVIERPUKKE

**Dit was 'n groot oomblik vir die Rivierpukke toe hulle op Woensdag 4 Mei deur die Burgemeester van Vanderbijlpark, mnr. Schroeder, onthaal is.**

Mnr. Schroeder het gesê hy hoop en glo dat die grondslag vir 'n breë toekoms gelê is deur die P.U. vir C.H.O. in die Vaaldriehoek.

Tydens die geskiedkundige geleentheid het die studente almal hul handtekeninge in die argiefblok laat druk.

Die Rivierpukke het na die kaas en wyn 'n kring gevorm en studenteliedjies gesing. Dié wat ietwat onbekend was is gou geleer en daar is op egte Pukwyse gesellig saam verkeer.

Johan van Dyk, die voorsitter van die Studenteskakelkomitee, het die burgemeester bedank vir al die belangstelling in die nuwe studentegemeenskap. Elke Rivierpuk het ook 'n boek oor die geskiedenis van Vanderbijlpark gekry.

Die tweede studenteparlement van vanjaar sal op 22 Junie weer op die Puk gehou word.

Die vorige parlement is gedurende die eerste semester gehou. Die probleem wat toe bespreek is, was die oopstelling van skole aan alle rasse.

Mnr. Piet Fourie sal optree as opposisielid en Johan Pretorius as Speaker.

Die tema vir die volgende bespreking handel oor die plek van die Kleurling in die samelewing.

**KLEINADVERTENSIES**

Op soek na musiek vir 'n funksie of aksie? Kontak Hennig Willers of Leon Dreyer saans by Hombre vir verdere inligting (Tel. 79960)

Ondervelt vir mat 12 x 9 (deels beskadig). Skriftelike tenders kan by SSR penningmeesterskantoor ingehandig word voor 29 Junie 1977.

Nuwe Kafee in Sportkompleks
(Fanie du Toit)
Oop gedurende alle Sport-geleenthede

**WESVALIA BOEKHANDEL**
ONS HET NET WAARNA U SOEK
**KOM OORTUIG USELF**
**Posbus 20060**
**POTCHEFSTROOM**
**Tomstraat 84** **Tel. 6660**

**Volkskas praat die taal van kundiges**

**Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.**

**Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.**

**Daarom praat Volkskas saam . . . in 'n tradisie van diens en kundigheid.**

**Kom praat met die bank wat verstaan.**

Volkskas
(Geregistreerde Handelsbank)

# PUK VERMORSEL VAAL REEFS

**Die Pukke het op Saterdag 6 Junie 'n pragoorwinning van 39-3 oor Vaal Reefs behaal.**



*Fouch Fouche van Dawie Dup rank hier in die lynstaan in die wedstryd teen Hombré, wat 10 elk geëendig het. (Foto: Jaco Pretorius).*

Sonder die dienste van André Rossouw op losskakel was daar aanvanklik probleme maar Willie Smith het pragtig in die patroon ingeskakel.

Die Pukke se voorspelers het pragtig gedryf met Dries Coetzer op die voorpunt. Eric le Roux het ook puik rugby gespeel en dit was geen verrassing dat hy in die Wes-Transvaalspan ingesluit is nie.

In die agterlyn was die uitblinkers Flippie Venter, Willie Smith en Danie Weitz wat twee pragdrieë gedruk het.

Op die Fanie du Toit is die Ibbies byna van hulle eerste oorwinning in die Neserliga beroof toe die skeidsregter die spel vroeg gestaak het weens swak lig. Die Ibbies het Strathvaal met 12 punte teenoor 6 geklop.

Op Saterdag 18 Junie het albei Pukspanne pragoorwinnings in die Presidentliga behaal. Die Ibbies het verras deur Strathvaal met 16-15 te klop. Baie goeie dinkwerk deur Tone Wagenaar het die Ibbies hulle laaste drie besorg.

Die Puk het aanvanklik goed begin teen RPM, maar later uitgesak. Hulle het nogtans met 23-13 geseëvier.

# Koshuisrugby

**Caput is besig om sy stem al dikker te maak in die koshuisliga. Hombré en Dawie Dup het gelykop gespeel en is nou gesamentlik net een punt voor Caput. Caput speel op die oomblik die mees beplande rugby daarom moet hulle die gunstelinge wees om die liga te wen.**

Caput 19 – Klooster 6

Nadat Klooster in die eerste rondte vir Caput op verrassende wyse geklop het, verhang Caput die bordjies in die tweede rondte en behaal 'n oortuigende oorwinning. Klooster het nooit op Caput druk uitgeoefen nie.

Dawie Dup 16 – Dorp 7.

In een van die hardste en aanskoulikste wedstryde nog hierdie jaar wen Dawie Dup vir Dorp, maar die telling vertel nie die hele verhaal nie. Die Dawie Dup-span het harde bene gekou om die telling in sy guns te beklink. Dawie Dup se losskakel, Gerrie van Deventer, verdien 'n pluimpie vir sy oordeelkundige spel. Aan Dorp se kant het Griebies Griebenauw en Hugo Lindenberg uitstekend gespeel.

Hombré 17 – Drakenstein 9

Hombré sukkel aanvanklik, maar ruk mooi reg in hierdie wedstryd. Hulle bewys ook dat hulle wel drieë kom druk en nie net op Theuns Botha se skopskoen hoef staat te maak nie. Martin Piek, Hombré se losskakel, het soos 'n generaal gespeel.

**Uitslae op 11 Junie 1977**

Hombré – 10, Dawie Dup 10; Dorp – 16, Klooster – 14; Overs – 27, Drakenstein – 13.

# SOKKER KLIM DIE TRAPPE!

**Die nuutgestigde sokkerklub is voorwaar die bedrywigheid vanself. Drie wedstryde gedurende die afgelope twee weke!**

Op Saterdag 11 Junie het dit op die beginsel van: eerste die goeie nuus en dan die slegte nuus met die Puk gegaan. Die tweede span het met Gerrie Herman as puntemasjien met 7 doele teen 4 gewen. Maar nou die slegte nuus: die eerste span het verloor.

Woensdagaand het die moedige Pukke Goldfields aangepak. Alhoewel die tweede span gelykop gespeel het en die eerste span met 1 doel verloor het, was dit ons manne wat die aanskoulike spel gespeel het en sport laat wen het.

Saterdag was ons bo. Op Vierfontein het die tweede span weer gelykop gespeel. Die eerste span wen met 5 doele teen 0.

# Blink uit in Hokkie

**Puk-dames wen teen Potchefstroom dorp 3-2. Albei spanne is redelik sterk, al was die puntetelling in die guns van die Puk-dames. Die A-span is tot dusver nog onoorwonne in die W.Tvl liga, terwyl die B-span in die A-liga ingeskuif het. Veertien van ons Puk-dames is ingesluit in die W.Tvl span.**

**W.Tvl A-span**
Sampat Coetzee (onderkapteine)
Rinza Burger
Mariane Joubert
Helena le Roux
Heila van Deventer
Isabel Roodt

**W.Tvl B-span**
Grieta du Plessis
Esmé Shaffle
Cornelia Meyer
Danél Hugo
Karen Grobler
Anita de la Porte
Rolien Grobler
Ria Klopper

**Koshuishokkie**

In die eerste rondte van die koshuishokkie liga eindig Karlien en Vergeet-my-Nie bo met elk 9 punte. Die goeie gees van die spanne asook Karlien se nuwe kleredrag het beslis 'n goeie invloed gehad. In die tweede liga wen Vergeet-my-Nie met 11 punte.

## *Sportpersoonlikheid van die week*

# DANIE WEITZ

**Een van die alsgeligste sportmanne op die Puk is seker Danie Weitz, vleuel van die Puk. Op skool is Danie gekies vir Suidwes-Afrika se atletiekspan. Hier het hy uitgeblink as paalspringatleet met 'n besondere hoogte van 13 vt 9¼ dm. Die honderd meter het hy al afgeblits in 10,7 sek.**



*Danie Weitz. Foto: Jaco Pretorius.*

Op die Puk het dit aanvanklik nie so goed gegaan met sy rugby nie nadat hy op skool vir sy provinsiale span gekies was. In sy eerste 2 jaar het hy koshuisrugby gespeel en wel op skrumskakel. Van sy derde jaar af het hy die Puk verteenwoordig en verlede jaar met die Intervarsity teen Kovsies die beste daarvan afgekom teen Gerrie Germishuys.

Verder het hy Wes-Transvaal al in een wedstryd verteenwoordig en vyf wedstryde vir Wes-Transvaal B. As dit nie vir beserings was nie sou hy nou al 'n gereelde lid van Wes-Transvaal-A gewees het.

Sy groot bate op 'n rugbyveld is sy krag en spoed en as hy hierop konsentreer, gaan Danie nog groot rugby speel.

## SPORTKORRELS

DEUR HANS SAESTAD

# IBBIES BYNA BEROOF

Deur Hans Saestad

**Die Ibbies wat hierdie jaar in die Neserliga rugby speel was Saterdag 11 Junie 1977 byna van hulle eerste punte beroof.**

Die Ibbies het die jaar baie goeie rugby gespeel maar het elke wedstryd net net verloor. In hulle wedstryd teen Strathvaal het die spel laat begin en die skeidsregter was genoodsaak om die spel 7 min. voor die einde te staak. In die stadium was die Ibbies 12-6 voor.

Die skeidsregter het egter beslis dat die wedstryd gelykop is, omdat dit nie voltooi is nie. Gelukkig kom die reëls tot die Ibbies se redding. Die reël bepaal dat as 'n wedstryd weens weersomstandighede gestaak word, die span wat voorloop die wenners is.

'n Terugslag vir Pukrugby is André Rossouw, gewilde losskakel van Puk en Wes-Transvaal wat besluit om op te hou rugby speel. André sukkel met asma en het ná die wedstryd tussen Wes-Transvaal en Oos-Transvaal lank gesukkel om weer normaal asem te haal. André hoop hy sal reg wees vir die Intervarsity teen die Kovsies. Die Pukke hoop ook so, André!

# KULU TEL STRYDBYL OP

**Die eerste koshuisliga het in Klawerhof en Karlien se guns geval met 16 punte elk. Karlien is voor Klawerhof met 204 doele teen 161.**

In die tweede liga eindig Klawerhof en Kasteel eerste met elk 14 punte. Klawerhof het wel 80 doele teen Kasteel se 41. Deurgaans het die meisies baie goed gespeel.

Kulu maak hewig beswaar dat hulle in die Netballiga geen punte het nie. Wel, Kulu, Mev Ulyate het dit bevestig en in die eerste drie wedstryde wat julle gespeel het, is al drie verloor. Na elke wedstryd wat gespeel is, moet kaarte wat geteken is deur skeidsregter en kapteine van altwee spanne by haar ingehandig word en volgens daardie kaarte wat ingehandig is, blyk dit dat die uitslag heeltemal korrek is. Enige verdere besware moet met Mev Ulyate bespreek gaan word.

# STOEIKLUB GAAN MAL

PUKKE presteer weer! In totaal is daar die naweke van die 4e en 11e Junie vier medaljes gewen, drie goues en een silwer medalje.

Twee stoeiers van die Pukstoeiklub, Marius Logtenberg en Christo Lottering, het aan die Arthur Vorster-Ope op Vanderbylpark en aan die Transvaal-Ope in Johannesburg gaan deelneem. Marius Logtenberg het 'n goue medalje in die Ope Transvaalkampioenskappe verower, maar was minder gelukkig in die Arthur Vorster-Ope en het 'n silwer medalje verower. Christo Lottering het 'n goue medalje in die Arthur Vorster-Open en 'n goue medalje in die Transvaal-Ope verower.

Ons nooi alle aspirant stoeiers wat voorheen gestoei het of graag wil leer stoei om by ons aan te sluit. Ons oefen Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag om half-vyf in die kelder van Heide. Almal is welkom. Op die oomblik word daar baie hard geoefen met die oog op SAU wat die naweek van die eerste en tweede Julie plaasvind.

# PU-NETBALKLUB

Hier volg die uitslae van die Eerste Rondte 1977. Die eerste sewe spanne speel in die Superliga.

**Superliga**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Karlien I | eerste | met | 16 punte | 204 doele |
| Klawerhof I | tweede | met | 16 punte | 162 doele |
| Oosterhof I | derde | met | 12 punte | 144 doele |
| Heide I | vierde | met | 10 punte | 140 doele |
| Kulu I | vyfde | met | 10 punte | 92 doele |
| Wanda I | sesde | met | 8 punte | 119 doele |
| Wag-'n-bietjie | sewende | met | 8 punte | 84 doele |

**Relegasieliga**

Die volgende ses spanne speel in die Relegasieliga:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vergeet my nie I | agtste | met | 2 punte | 75 doele |
| Kasteel I | negende | met | 2 punte | 67 doele |
| Dorp I | tiende | met | 0 punte | 41 doele |

**Tweedeliga**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Klawerhof II | eerste | met | 14 punte | 80 doele |
| Kasteel II | tweede | met | 14 punte | 41 doele |
| Heide II | derde | met | 12 punte | 51 doele |

**Koekliga**

Die laaste vyf speel in die koekliga:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Wanda II | vierde | met | 10 punte | 84 doele |
| Wag-'n-bietjie II | vyfde | met | 10 punte | 50 doele |
| Oosterhof II | sesde | met | 7 punte | 35 doele. |
| Soetdorings I | sewende | met | 6 punte | 28 doele |
| Kulu II | agtste | met | 5 punte | 26 doele |

Vergeet-my-Nie en Karlien het onttrek uit die Tweedeliga en is nie beskikbaar vir enige van die ligas nie.

Indien julle nog steeds belangstel om in die koekliga deel te neem, kom spreek mev. Ulyate in die Sportinstituut voor 24 Junie 1977 asseblief.

ONS HET ALLES WAARNA U SOEK IN DIE LYN VAN SPORTBENODIGDHEDE; BESOEK ONS GERUS

STUDENTE SPORT

Kerkstraat Potchefstroom